AASVOËLKRANS 27/02 - 01/03/2015

GEBIEDSKAMP—GOUE WEST





Hierdie jaar se Gebiedskamp was gehou by Aasvoëlkrans. Die betrokke streke was Goudrif, Goudstad, Wesrand, Kosmos, Roodekruin en Schoonspruit. Jannie Meyer, Nationale Voorsitter en Gebied Goue Weste voog en sy vrou Alet het ook saam met ons die naweek kom kuier. Altesaam was ons 30 waens gewees waarvan 10 aan Goudrif behoort het. Dankie aan almal wat kom kamp het dit was heerlik om so saam as vriende te kuier.



'n Paar Goudrif waens was vroeg Vrydag middag al reeds opgeslaan en uitgespan by Aasvoëlkrans. Daar was slaaie en sous gemaak wat saam met vars gemaakte pasteie bedien was teen R15 'n pastei. Dankie aan die span wat dit voorberei het.

Louis en Piet het hul goeie dade vir die naweek gedoen deur vir Louis en Gesina van Dyk, van Goudstad, te gaan bystaan langs die pad. Louis se motor het probleme gegee. Hulle is gelukkig gou veilig ingesleep.

Saterdag was daar gesamentlike boekevat waarop die Gebiedsvergadering gevolg het. Dankie Johan en Piet dat julle ons streek daar gaan verteenwoordig het.

Bettie het hierdie paar fotos geneem van ons klomp in die swembad. Dankie vir die bydrae Bettie.









<u>Presidente Poeding</u>

<u>Tafel</u>:

**Onthou asseblief skenkings!**

Meel, Melk, Suiker, Vla, Jellie, Kitspoedings ens



Zianke en Chris het saam met ons die naweek kom kuier!





Johan, Oupa Robby en Piet kuier om die vure Saterdag middag. Waar is dit lekker?

**HIER IS DIT LEKKER!**



Ouma Lilly spog met haar lekker potte pap en sous!



Elizet wys ons sy MAG maar braai!

Goudrif se oumas het lekker gespeel met Elize & Johan en Olga & Piet se kleinkinders wat kom kuier het vir die na-week.









Nuwe maatjies is altyd pret. Zianke en Marilein.



Lekker om saam met ander streke in ons gebied te kuier en mekaar beter te leer ken.



Al die streke het bymekaar gekom vir die boekevat en afsluiting Sondag oggend. Louis van Dyk, Goudstad voorsitter, het vir ons afgesluit met 'n baie gepaste en treffende boodskap oor vrees in ons daaglikse lewe. Francois Groenewald, Gebied voorsitter, het al die streke en lede bedank vir 'n suksesvolle naweek. Jannie Meyer, Nationale Voorsitter, het ook almal bedank en gesels oor die Presidente saamtrek wat voorlê. Elke streek het hul eie afsluiting behartig. Jannie en Alet het Goudrif se afsluiting bygewoon.









Boetes vir Adolf, Rozelda, Marié, Oupa Robby en Chris



Bettie oorhandig die "heksie-besem" aan Kotie Nel



Alet en Jannie Meyer kuier by Goudrif



Johan oorhandig 50 Streek aansporingplaatjie aan Jan en Kotie Nel. Hou so voort!!



Louis oorhandig die "spanner" aan Kemp van der Westhuisen.

# Presidente Saamtrek 2015

*Wanneer*: 2 - 6 April 2015 *Waar*: Klipdraai *Kostes*: R760.00




Foto Bron: http://weg.co.za/reis/kampplekke/klipdraai/



## Verjaardae:

**Christine 1/3**

**Simone Breedt 3/3**

**Louis (jnr) 5/3**

**Reuben 11/3**

**Ilze 12/3**

**Joanita 18/3**

**Elize van Wyk 23/3**

**Johan van Wyk 25/3**

**Neil 2/4**

## Huweliksherdenkings:

**Jan & Kotie Nel - 15 Jaar (18 Maart)**

**Adolf & Michelle Hugo - 3 Jaar (10 Maart)**

Bron: SAWA Webwerf

